Laerskool Lorraine Primary School

Adres / Address: Meuselaan / Meuse Avenue, Lorraine, Port Elizabeth

Tel: (041) 367 - 1115 **Faks / Fax:** (041) 368 - 1812

E-pos / Email: info@lorraineschool.co.za

2022 VEREISTES VAN AANSOEK EN INLIGTING

Dankie vir u belangstelling in Laerskool Lorraine.

Belangrike inligting waarvan u moet kennis neem:

GEEN E-POSAANSOEKE VAN PLAASLIKE INWONERS SAL AANVAAR WORD NIE.

Indien enige relevante dokumente nie by die aansoek is nie of as die vorm onvolledig of verkeerd ingevul is, sal die aansoek nie verwerk word nie. Die inhandiging van 'n aansoekvorm verseker nie aanvaarding nie. Die hoof behou die reg voor om, sonder vooroordeel, 'n aansoek te aanvaar of te verwerp.

GRAAD R EN GRAAD EEN **AANSOEKE SAL SLEGS VANAF 01/03/2021 TOT 15/03/2021 AANVAAR WORD**

Die volgende inligting MOET aan die aansoek geheg wees:

1. Die kind se ONVERKORTE (UNABRIDGED) GEBOORTESERTIFIKAAT (waarop die Kind, Moeder en Vader aangedui is. Die skool sal tydelik 'n verkorte geboortesertifikaat aanvaar.
2. Beide Ouers/Wettige Voog(de) se ID-dokumente.
3. Paspoortgrootte kleurfoto van die kind.
4. Bewys van huidige woonadres - Munisipaliteitsrekening as bewys van eienaarskap van eiendom of 'n getekende huurooreenkoms. Aangeheg aan die huurooreenkoms benodig ons 'n munisipaliteitsrekening in die naam van die eienaar van die eiendom. Inligting moet geverifieer word.
5. Bewys van immunisasie.
6. Nie-Suid-Afrikaanse burgers moet oorspronklike Werkspermit en WETTIGE STUDIEPERMITTE voorsien.
7. Doodsertifikaat waar van toepassing.

GRADE TWEE TOT SEWE **AANSOEKE MOET TEEN 31/10/2021 INGEHANDIG WORD**

1. Die kind se ONVERKORTE (UNABRIDGED) GEBOORTESERTIFIKAAT (waarop die Kind, Moeder en Vader aangedui is. Die skool sal tydelik 'n verkorte geboortesertifikaat aanvaar.
2. Beide Ouers/Wettige Voog(de) se ID-dokumente.
3. Paspoortgrootte kleurfoto van die kind.
4. Bewys van huidige woonadres - Munisipaliteitsrekening as bewys van eienaarskap van eiendom of 'n getekende huurooreenkoms. Aangeheg aan die huurooreenkoms benodig ons 'n munisipaliteitsrekening in die naam van die eienaar van die eiendom. Inligting moet geverifieer word.
5. Bewys van immunisasie.

6. Nie-Suid-Afrikaanse burgers moet oorspronklike Werkspermit en WETTIGE STUDIEPERMITTE voorsien.
7. Doodsertifikaat waar van toepassing.
8. Gesertifiseerde afskrif van die nuutste rapport met besonderhede van die kind se huidige skool.
9. Met aanvaarding moet 'n oorplasingsbrief van die vorige skool ingehandig word op die eerste dag van bywoning by Laerskool Lorraine.

Die inhandiging van vals inligting kan lei tot regstappe deur die SBL.

Ons maak geen afskrifte nie. Derhalwe moet u asb. toesien dat die dokumente gekopieër en gesertifiseer is of handig die oorspronklike dokumentasie in.

In die geval van Pleegouers/Wettige Voogde, moet die WETTIGE dokumentasie ingehandig word om u status te ondersteun.

WANNEER U KIND BY LAERSKOOL LORRAINE AANVAAR IS AS TOEKOMSTIGE LEERLING VAN DIE SKOOL, MOET U BINNE TWEE WEKE DIE FOOI VAN R1 500 BETAAL OM SY/HAAR PLEK TE VERSEKER. HIERDIE FOOI SAL IN DIE VOLGENDE JAAR VAN U SKOOLFONDS AFGETREK WORD.

ONDERRIGMEDIUM

Die Bestuurliggaam van die skool het in sy taalbeleid bepaal dat die skool 'n parallelmediumskool is en dat die onderrigmedium Afrikaans en Engels sal wees. Leerlinge wat tot die skool toegelaat word, moet voldoende bekwaam in Afrikaans en Engels wees sodat hulle akademiese vordering nie daardeur benadeel kan word nie. ONS BEVEEL STERK AAN DAT KINDERS IN HUL MOEDERTAAL ONDERRIG MOET WORD.

TOELATINGSOUDERDOM

Graad R-leerlinge moet gedurende die graad R-jaar 6 word.
Graad 1-leerlinge moet gedurende die graad 1-jaar 7 word.

KEURINGSKRITERIA VIR TOELATING

Die Skool Beheerliggaam en die Skoolhoof van Laerskool Lorraine is gebonde deur die konstitusie van die land om alle aansoeke regverdig te hanteer. Nogtans moet dit aanvaar word dat nie alle aansoeke aanvaar kan word nie en dat sekere regverdige prosesse van keuring onvermydelik is.
Die keuringskriteria is as volg:

1) Leerlinge wie tans biologiese broers/susters in Laerskool Lorraine het.
2) Leerlinge wie in die skool se voedings-area woon.
3) Leerlinge wie se ouers oud-leerlinge by Laerskool Lorraine was.
4) Leerlinge wie se ouers in die skool se voedings-area werk.
5) Indien daar plek is, kinders buite die voedings-area. Aansoekers wat nie in die skool se "kern geografiese area" woon nie, moet besef dat hul kanse op aanvaarding min is en dat hulle by ander skole aansoek moet doen en definitief by hul naaste publieke skool. Ouers/Voogde wie verplaas is van buite die Nelson Mandela Metropolitaanse gebied, mag 'n aansoek voltooi. Dieselfde norme en standaarde sal geld.

Om te verseker dat effektiewe en ordelike onderrig plaasvind by Laerskool Lorraine is die volgende van kardinale belang:

1) Die leerling moet voldoende bekwaamheid toon in die onderrigtaal waarvoor daar aansoek gedoen word.

2) Die leerling moet voldoende toegerus wees vir die graad waarvoor aansoek gedoen word en moes, waar van toepassing, die vorige graad geslaag het.
3) Die skool sal die leerling/onderwyser-verhouding, soos deur die SBL bepaal, toepas. Wanneer die kapasiteit bereik is, sal daar geen aansoeke meer aanvaar word nie.
   Ouers/voogde wat aansoek doen om toelating sal met die nodige kennisname van die Suid-Afrikaanse Skole-Wet, hulself moet vergewis van die inhoud van die Laerskool Lorraine se MISSIE, taal- en godsdiensbeleid asook die gedragskode, skoolfonds en bydraes. Ouers/voogde, derhalwe, neem kennis van aanvaarding en verbind hulle daartoe.
4) 'n Kind wat van 'n ander skool na Laerskool Lorraine verplaas is, moet sy vorige skool met 'n skoon rekord verlaat.
5) Laerskool Lorraine mag, onder toepaslike omstandighede, die kind en sy/haar ouers/voogde vir 'n onderhoud nooi. 'n Kind wat na so 'n onderhoud genooi is, sal nie toegelaat word alvorens die onderhoud plaas gevind het nie.
6) Indien die skool enige besorghede het oor die kind se gesondheid, mag die skool aandring op 'n mediese toets/verslag wat deur 'n dokter van die skool se keuse gedoen word en die mediese verslag dan aan die skool gegee word.

FINANSIëLE VERPLIGTINGE

Leet asseblief daarop dat Laerskool Lorraine 'n SKOOL IS WAT SKOOLGELD HEF ingevolge die betrokke wetgewing, en dat u die verpligting aanvaar om finansieël tot jou kind se onderrig by te dra wanneer u u kind by die skool inskryf.

In terme van die Suid-Afrikaanse Skole-Wet, seksie 39, is ouers/voogde onder verpligting om verpligte skoolgeld te betaal soos deur die skool se Beheerliggaam vasgestel. Volgens hierdie wet is beide ouers/voogde gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik om die skoolgeld te betaal ten spyte van enige skei- of onderhoudsooreenkomste. Verder, in terme van Seksie 40 en 41 van dieselfde Wet, mag die Beheerliggaam betaling van verpligte skoolgeld afdwing.
Die skool mag ook navrae doen of inligting kry by die Kredietburo i.v.m. ouers/voogde/borge se finansiële status. Die skool mag ook inligting oor hoe ouers/voogde/borge hulle finansiële verpligtinge aan die skool nakom met ander kredietinstansies deel sodat behoorlike kredietrisiko's besluite geneem kan word. Indien ouers/voogde/borge nie hul verpligtinge teenoor die skool nakom nie, mag die skool hierdie wanbetaling by die kredietburo aangee. Indien hierdie inligting aan 'n kredietburo gegee word, mag dit deur ander kredietinstansies gebruik word om kredietrisiko's te bepaal.

SKOOLGELD (ONDERWORPE AAN VERANDERING IN 2022)

Neem kennis van die skoolfooie vir 2021:

Graad R – R14 740 p.j. (R1340 x 11 maande betaalbaar van 31 Januarie tot 30 November)

Grade 1 – 7 – R14 300 p.j. (R1300 x 11 maande betaalbaar van 31 Januarie tot 30 November)

Skoolgeld vir 2022 sal in November 2021 beskikbaar wees.

Sou u kind aanvaar word, sien ons uit na 'n lang en wedersyds voordelige verbintenis met u. Ons gee met liefde om vir elke kind in ons skool en poog om hom of haar tot sy of haar volle potensiaal te ontwikkel. Ons sien ook uit na 'n noue en konstruktiewe verhouding met elke ouer/voog.

Amptelike gebruik	Datum ontvang		Aantal jr. in gr.		Graad	
	Admin nr.		Admin datum		Onderwyser	

LAERSKOOL LORRAINE

Foto

AANSOEK OM TOELATING

LEERLING SE NAAM EN VAN : ……..

AANSOEK VIR GRAAD : …… MAAND : …… JAAR : …….

NAMENS MYSELF EN MY KIND ONDERNEEM EK OM:

- Die etos van die skool te aanvaar.
- Die gedragsreëls en die reëls ten opsigte van die skooluniform te aanvaar.
- Die gesag van die skoolhoof, personeel, prefekte en monitors te aanvaar.
- Verstaan dat die betaling van skoolgeld verpligtend is en onderneem om dit te betaal.
- My kind aan te moedig om aan die skool se buitemuurse aktiwiteite deel te neem.
- Indien my kind die skool verlaat, moet daar 30 dae kennis gegee word en alle items wat aan die skool behoort, terug besorg word.
- My te onderwerp aan die skool se gedragskode.

Geteken : …….. Datum: ……..……

Naam in drukskrif : …..……

Hierdie aansoek sal slegs verwerk word wanneer albei ouers/voogde geteken het en nodige gesertifiseerde dokumente ontvang is. Geen afskrifte sal by die skool gemaak word nie.

	1.	Gesertifiseerde afskrif van laaste rapport van leerder se huidige skool (waar van toepassing)
	2.	Oorplasingsdokument (waar van toepassing)
	3.	Gesertifiseerde afskrif van onverkorte geboortesertifikaat
	4.	Bewys van inënting
	5.	Gesertifiseerde afskrifte van ouers/voogde se identiteitsdokumente
	6.	Munisipaliteitsrekening as bewys van woonadres
	7.	Geldige werkspermit en wettige studiepermit (waar van toepassing)
	8.	Doodsertifikaat (waar van toepassing)

Voltooiing van hierdie aansoekvorm is geen waarborg dat u kind by Laerskool Lorraine aanvaar sal word nie. U sal so spoedig moontlik in kennis gestel word van die skool se besluit.
'n Onderhoud mag nodig wees.

'n Fooi sal betaalbaar wees met aanvaarding om u kind se plek te verseker.

A. PERSOONLIKE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN LEERLING

Van									Voorletters		
Volle name									Noemnaam		
Geboortedatum	Jaar		Maand		Datum		Geslag		Manlik		Vroulik
Ras (Statistiek deur Onderwysdepartement benodig)	Swart		Asiër		Kleurling		Wit		Ander		
Identiteitsnommer/ Paspoortnommer											
Woonadres								Poskode			
Huistaal			Taal van onderrig by Laerskool Lorraine								
Is enige van die leerling se ouers oorlede? (Sertifikaat benodig)	Moeder		Vader		Beide		Geen				
Nasionaliteit			Kerkverband								
Vervoerwyse skool toe	Fiets		Bus		Te voet		Motor		Motor-fiets		Huur-motor
Vorige skool bygewoon	Geen		Skool in hierdie provinsie		Skool in ander provinsie		Skool in ander land				
	Provinsie				Land						
Naam van vorige skool of speelskool											
Adres van vorige skool											
Tel. nr. van vorige skool					Faksnr. / E-pos						
Hoogste graad geslaag					Jaar						
Vorige graad/grade herhaal					Jaar						

Onderrigtaal by vorige skool			
Is Lorraine u naaste skool?			
Handvaardigheid van leerling		Regshandig	Linkshandig
Is die leerling geregistreer vir ‘n maatskaplike toelaag?		Ja	Nee
Maatskaplike toelaagnommer			
Aantal kinders in gesin		Posisie in gesin bv. eerste	

Broers/Susters by Lorraine		Naam		Graad	
By wie woon leerling?	Beide ouers	Vader	Moeder	Voogde	Ander

Die skoolgeldrekening sal aan bogenoemde uitgereik word

B. OUER INLIGTING

	BIOLOGIESE VADER	BIOLOGIESE MOEDER
Van		
Volle name		
Identiteitsnommer		
Adres		
Huistaal		
Ras	Swart / Asiër / Kleurling / Wit / Ander	Swart / Asiër / Kleurling / Wit / Ander
Huwelik-status	Getroud / Geskei / Weer getroud / Enkel / Wewenaar/ Weduwee / Ander	Getroud / Geskei / Weer getroud / Enkel / Wewenaar/ Weduwee / Ander
Vorige verbintenis met Laerskool Lorraine. Bv. Oud-skolier		
Datums		

Telefoonnommers:						
Vader	H		Sel		W	
Moeder	H		Sel		W	

E-pos adres	Vader	
	Moeder	
Vader se beroep		
Maatskappy		
Adres		
Moeder se beroep		
Maatskappy		
Adres		

C. VOOGDE INLIGTING

	MANLIKE VOOG	VROULIKE VOOG
Van		
Volle name		
Identiteitsnommer		
Adres		
Huistaal		
Ras	Swart / Asiër / Kleurling / Wit / Ander	Swart / Asiër / Kleurling / Wit / Ander
Huwelik-status	Getroud / Geskei / Weer getroud / Enkel / Wewenaar/ Weduwee / Ander	Getroud / Geskei / Weer getroud / Enkel / Wewenaar/ Weduwee / Ander
Vorige verbintenis met Laerskool Lorraine. Bv. Oud-skolier		
Datum		

Telefoonnommers:						
Manlike voog	H		Sel		W	
Vrolike voog	H		Sel		W	

E-pos adres	Manlike voog	
	Vroulike voog	
Manlike voog se beroep		
Maatskappy		
Adres		
Vroulike voog se beroep		
Maatskappy		
Adres		

D. Enige spesiale mediese toestand waarvan die skool bewus moet wees:

Leerhindernisse	
Spesiale probleme wat berading benodig	

VERKLARING

Ek/Ons die ondergetekende, bevestig hiermee dat ek/ons die inligting van hierdie aansoek gelees het, verstaan en dat die inligting wat hierin verskaf is, korrek is en dat al die dokumentasie hieraan geheg, oorspronklik is.

Let asseblief daarop dat Laerskool Lorraine ‘n SKOOL IS WAT SKOOLGELD HEF ingevolge die betrokke wetgewing, en dat die ‘n verpligting aanvaar om finansieël tot jou kind se onderrig by te dra wanneer u u kind by die skool inskryf.

_____ _____

HANDTEKENING : BIOLOGIESE VADER NAAM IN DRUKSKRIF

_____ _____

HANDTEKENING : BIOLOGIESE MOEDER NAAM IN DRUKSKRIF

_____ _____

HANDTEKENING : MANLIKE VOOG NAAM IN DRUKSKRIF

_____ _____

HANDTEKENING : VROULIKE VOOG NAAM IN DRUKSKRIF

_____

DATUM